

Die Rooi Telefoon van Sentrale Naslaan



Saamgestel deur GERDA THERON
Hoofbiblioteekassistent

Almal wat die nommer 021 483-2258 ken of gereeld bel sal weet dat hierdie instrument eintlik rooi behoort te wees. Hoekom? Omdat dit die nommer is wat amper die heel gewildste en mees gebruikte een in die hele Biblioteek-diens is! Dit word letterlik rooi gebel!

Dié nommer behoort aan die amptenaar wat die Snelinligtingsdiens, sowel as die SABINET-diens (Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk) bedryf. En sy hardloop baie rond as gevolg van die tallose oproepe wat sy elke dag kry: benoude oproepe vanaf openbare biblioteke vir inligting wat 'asseblieftog nog vanmiddag gesoek word: die gebruiker (gewoonlik 'n skoolkind) staan hier voor die toonbank en móét dit voor môre hê!

Om hierdie uiters gewilde diens suksesvol te bedryf verg 'n aantal unieke eienskappe: puik kennis van SN se voorraad; goeie algemene kennis; die vermoë om 'n aanvraag onmiddellik te kan 'ontsyfer' (om presies te kan bepaal wat dit is wat werklik gesoek word); 'n sterk diensgerigte oriëntering; goeie organisasievermoë; en geduld, geduld, geduld...

Verskeie dienste kan met behulp van 'n oproep na die Rooi Telefoon verkry word.

SNELINLIGTINGSDIENS

Hierdie diens word die meeste deur skoolleerders gebruik – via hul openbare

biblioteekannies, natuurlik. Die proses verloop gewoonlik so: kinders kom biblioteek toe met 'n opdrag van hul onderwysers om inligting te kry oor 'n onderwerp waarvoor óf 'n skooltaak, óf 'n mondelingse toespraak ingehandig of gemaak moet word. Soos kinders maar is, wag hulle natuurlik gewoonlik tot die laaste middag voordat hulle begin, en dan is dit die biblioteektannie wat die benoude ogies voor haar toonbank sien staan. En wat gebeur dan? Die biblioteek-tannie hardloop (met behulp van die Rooi Telefoon, natuurlik) na die tannie van die Snelinligtingsdiens.

Die hoofdoelwitte van hierdie diens is, amptelik gestel, die verskaffing van korrekte, tydige en voldoende inligting en bronne aan die geaffilieerde openbare biblioteke in die Wes-Kaap. Dit behels die volgende:

- die ontvangs van telefoniese navrae
- die voorsiening van antwoorde uit bronne in die SN-versameling, die Internet, die pamfletversameling of ander bronne
- die voorstel van alternatiewe bronne (byvoorbeeld, kenners van spesifieke vakgebiede) aan navraers
- die terugvoer van verkrygte inligting so vinnig as moontlik. Die ideaal van die

diens is om gevraagde inligting binne 24 uur te verskaf. (Wat gewoonlik reggekry word!)

Geen amptenaar wat hierdie diens verskaf kan ooit verveeld wees nie – daar kom so 'n legio van onderwerpe van biblioteke af! Enkele voorbeelde van sulke onderwerpe is byvoorbeeld:

- springmielies ('popcorn'); hoe dit vervaardig word: die tipe mielies, olietemperatuur; ensovoorts
- siektes soos Creutzfeldt-Jakob-siekte; Guillain-Barré-sindroom; ensomeer
- danse soos die klopdans; oorlogsdanse; kwasa-kwasa; hip-hop; 'umteyo' – ('n Xhosa-dans); die Domba-dans; die wals (om maar net 'n paar te noem)
- die bou van wetenskapmodelle uit herwonne materiaal, byvoorbeeld, sonhorlosies; watermeule; vuurtorings; elektromagnete en toestelle om meganiese stelsels soos hefbome en ratte te demonstreer
- tradisionele speletjies soos Umlababala; Arigogo; Morabaraba; Wolf, wolf, hoe laat is dit?; Kennetjie; Telegram; ensovoorts
- verskillende godsdienste soos Joruba; Taoïsme; ensovoorts
- regsaspekte soos laster; gesinsprobleme; tienerswangenskap of –selfmoord...

INTERBIBLIOTEEKLENINGS (DIE SABINET-DIENS)

Hieruit vloei daar dikwels 'n volgende stap, naamlik soektogte na instansies buite die Provinsiale Biblioteekdiens. Dit behels:

- die ontvangs van navrae vir inligting sowel as vir spesifieke bronne vanaf geaffilieerde Wes-Kaapse openbare biblioteke
- die vasstel op SABINET waar die bron/inligting in Suid-Afrika beskikbaar is
- die indirekte aanvraag (deur middel van SABINET) van die bron of inligting vanaf die houer-biblioteek
- die verskaffing daarvan aan die aanvrager, via die biblioteek wat as middelganger gedien het.

Hierdie dienste is net moontlik omdat SN deur die loop van tyd 'n uitstekende voorraad van bronne gebou het: nie net boeke, audiovisuele bronne en die Internet nie, maar ook 'n uitvoerige pamfletversameling.

DIE PAMFLETTE HELP BAIE!

Die voordele van 'n pamfletversameling is dat dit die inligting wat in boeke verskyn, kan aanvul. Dit is ook dikwels die nuutste

inligting, omdat dit uit koerante, tydskrifte en ander bronne verkry word wat meer reser is as in die boeke oor die onderwerp.

Daarom is dit belangrik om koerante, tydskrifte en ander bronne wat gereeld verskyn, deur te gaan en inligting daaruit te haal om in die pamfletversameling te bêre. Hierdie inligting is dan ook dikwels die enigste wat beskikbaar is – 'n gebeurtenis (byvoorbeeld, 'n natuurramp of die dood van 'n bekende) is nog nie in enige boek weergegee nie, en daarom word daar dikwels na die pamfletkabinette gewend vir sulke inligting. In SN is daar al so baie kabinette waarin die pamflette is, dat daar amper nóg 'n kantoor daarvoor nodig is!

Voorbeelde van vars, resente inligting wat uit die pamfletlêer voorsien word is:

- die skaliegaskwessie in die Karoo
- die Rugbywêreldbekertoernooi in Nieu-Seeland: nasionale volksliedere van deelnemende lande, die spanne en




groepe waarin hulle speel, spantroue se kleure, ensovoorts

- die onlangse aardbewing en tsunamiramp in Japan en die daarmee gepaardgaande ontploffings by die Fukushima-kernaanleg . . .


Biblioteekgebruikers en bibliotekaris kan dus maar met groot vrymoedigheid hul hande uitsteek en die nommer van die **Rooi Telefoon** skakel – hulle sal met vriendelike, geduldige woorde begroet word, en definitief die korrekte, tydige en voldoende inligting kry wat in ons hoofdoelwitte beloof word!

CL



Dynamite music are distributing agents for some of the worlds top classical labels and are South Africa's largest independent importers of classical DVD's and CD's to the retail trade.

We are proud to be associated with the Cape Town City Libraries who have chosen us as a "preferred supplier" for their classical CD and DVD stock. Whether you are purchasing or wanting CD's and DVD's for personal use, or buying them on behalf of a library, Dynamite Music would be happy to supply and advise you on any classical DVD or CD product which you may require.



For further information please
contact Peter Kramer
@Dynamite Music
17, Springbok Close, Pinelands 7405
Tel: 021 532 0551 FAX 086 5459 258
EMAIL: dynamite@sybaweb.co.za

